# Quo Vadis?

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

## NR. 2

***Op die drumpel van die ewigheid.***
***Belangrik om dan te weet waar u heen gaan.***

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# *Belangrike Nuus*

*"As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;*

*Want met die hart glo ons tot geregtigheid, en met die mond bely ons tot verlossing.*

*Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie. Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep.*

*Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Hoe kan hulle Hom dan aanroep, in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?*

*En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van die goeie verkondig!*

*Maar hulle was nie almal gehoorsaam aan die evangelie nie. Want Jesaja sê: "Here, wie het ons prediking geglo?"*

*"Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God."*

Romeine 10:9-17.

"Geloof is 'n volslae bou van heel jou lewe op Jesus Christus. Op dit wat Hy gedoen het aan die kruis en met sy besig-wees met die wêreld en met jou. Dit is om rekening te hou met die goeie nuus dat Gods koninkryk in sy volheid kom en dat jyself daarvan 'n erfgenaam is. In geloof sit altyd twee stukke: My sonde en sy genade. Geloof maak altyd bly en daarom getuig die geloof.

Geloof is kort gesê: "Om Hom te ken en te lewe in gemeenskap met Hom."

BONDA.

# *Wie is God?*

Die mense in die stede en lande van die wêreld het sorg en gebrek — daar word geroep en gesnik en geskreeu en gekerm:

**WIE IS GOD?**

Denkers en filosowe en wetenskaplikes probeer Hom ontdek — maar die rekensyfers kom nie uit nie — God is wykend!

Is God daar? vra 'n ongelukkige in die eensaamheid en ballingskap van sy siel.

In ons oog blink die onbeweeglikheid van lugvertes en oor die wye lande lê die grote stilte van God ... Dan roep die mense: God is die Onbekende, die Swygende God.

God is vir baie die vreemdeling — die Afwesige Idee — Hy word gekompliseerd en onpersoonlik — Hy word die **onbekende God.** Die Dogma... daarom kan ons Hom nie waarlik aanbid en hartstogtelik liefhê nie, want so 'n God is te ver en te vreemd.

Ja, God is die Andere — die Onpeilbare en Onsienlike ... **maar God is nie 'n geheim nie.**

Jesus het vir ons die antwoord meegebring uit die hemel... Niemand het God ooit gesien nie, behalwe die Seun — en die Seun wat in die skoot van die Vader was, **het Hom aan ons** verklaar...

In Christus het God "vlees en bloed gekry". In Hom is die Woorde en Dade van die Here. Die mensdom het die hart van God gesien, want Christus het nie geleef en gely agter gordyne nie.

**"Ek is lankal by julle"**... Op die pleine van Jerusalem. In die Bybel wandel Hy in ons huise. In die Kerk is dit die groet van God. In die Sakramente buig Hy oor ons neer. Deur die Gees getuig Hy in ons hart.

**In Jesus Christus is God vir ons die Bekende God.**

Gaan kyk in die Bybel na die geskiedenis van Jesus as u **God in** aksie **wil sien.**

In die nag van Bethlehem het ons God gesien as die **Bewoëne wat** afkom **na sy mense** — Neerdalend. In selfontkleding en ontferming — **Dit is die Here.**

In die gekromde skouers van Golgota leer u God ken as die **Verlosser.**

Ek het God gesien as die **Doodsvernietiger** en **Lewensverwekker**... in die opstanding van Jesus.

By die **Hemelvaart** het ek gesien dat God met omgekeerde seënende Hande in die onpeilbare blou verdwyn.

Ek het God hier op ons aarde sien staan tussen die hopies menslike ellende. Ek het Hom hoor roep: "Jerusalem, Ek wil jou bymekaar maak soos 'n hen haar kuikentjies."

Ek het gehoor dat God **medelyde** het met ons swakhede ... Maar ek het ook iets anders gesien:

'n Donker drie ure.

Vlammende oordeel.

Een geskeurde aan 'n kruis.

En nou weet ons: God oordeel. Hy is 'n gestrenge Regter!

Om God te vind, moet u eers 'n paar mure afbreek.

Die muur van die **valse mistiek** wat van God 'n Onbekende idee maak. Die muur van die **vreemde, onpersoonlike, abstrakte sfeer** tussen ons en God.

God is vir ons bekend en naby.

Ons **spekuleer** nie — ons **weet!**

Omdat ons in Jesus Christus **glo.**

W. J. de Klerk.

# *VIR MENSE IN NOOD*
# *UIT DIE DIEPTES...*

*Ps. 130 : 1: Uit die dieptes roep ek U aan, o HERE!*

Die opskrif van hierdie rubriek is: "Vir mense in nood . . ." Miskien is dit vir u duidelik dat u tot hierdie mense behoort. U is dalk siek of u huwelik loop verkeerd of u werk is 'n mislukking . . . Ja, dan is u werklik: in nóód!

Miskien is dit vir u *nie* so duidelik dat daar nood in u lewe is nie. Alles verloop by u dalk volgens u eie planne.

Maar nietemin: 'n mens in nóód!

Kyk, 'n mens in nood het iets nódig: die sieke het gesondheid, die ongelukkig-getroude het huweliksgeluk, die werklose het werk nódig.

En elke mens het GOD nodig!

Dis dié nood van so baie gelukkige én ongelukkige mense: GOD!

Sonder God:
Wat jou lei in die lig,
Wat jou hand hou in die donker.
Wat jou skraag deur die lewe,
Wat jou dra deur die dood . . .

Sonder God is ek: 'n mens in nood!

Kén u u nood?

Ja? Gelukkig!
Want dan kan u roep . . . ! Roep uit die dieptes . . . !

Want daar is — nogmaals: gelukkig! — bó elke nood. bó elke diepte 'n geopende hemel en 'n luisterende HERE.

En daarom: "Uit die dieptes roep ek U aan, o HERE!"

..... want by die HERE is die goedertierenheid, en by Hom is daar veel verlossing . . ."

Lees nou in u Bybel, (u hét mos nog 'n Bybel?) Psalm 130 biddend oor en oor! En sing uit u Psalmboek (u gebruik mos nog u Kerkboek?) dieselfde Psalm weer eens. Ook biddend:
Heer doen ook so aan my . . ."

Met hartlike groete,

u vriend.
L. H. Stavast.

N.S. As u graag oor ú nood aan ons wil skryf, doen dit p.a. die redaksie van hierdie blad: Quo Vadis. Posbus 1001. Pretoria. Vermeld op die linkerbokant van u koevert die hoofletter L.S., en dit word vertroulik deurgestuur en behandel.

---

"Die Here Jesus het die lyding van die ganse aarde geproe as bitter alsem. Hy kan ons bekwaam maak om ons eie leed te dra en om met die klein stukkie lyding van ons naaste mee te leef. Hy bekeer ons van die groot sonde van onbewoënheid en leer ons dat dit ryker en skoner is om mee te lewe as wat dit is om te lewe."

Veldkamp.

# *Camouflage*
# *en Ontmaskering*

**Nou is die tyd van die camouflage**...

Die kerk is die voortvlugtende, minderwaardige en verdrukte.
Die wêreld is die magtige, glansende heerlikheid.
Die Satan is die geweldige suksesman.
God skyn niks te wees nie — die vergete faktor.

**Deur die gerig van God kom die ontmaskering aan die einde**...

Die kerk word die nuwe salige mensheid.
Die wêreld word bitter en aaklig en reddeloos.
Die Satan word die neergeworpene en totale magtelose.
God word wat Hy is — Die Almagtige en Heilige.
Ons leef inderdaad in die tyd van die maskers. Ons wil ook u masker afruk, sodat u in die spieël kan sien wie u waarlik is — 'n armsalige sondige mensie. 'n Klein swart stippeltjie wat met verspotte vuisies in die lug swaai en met klein voetjies na bo skop om Hom te onttroon. Druppeltjies aan die emmer wat staan en skreeu of hulle die magtige oseaan is.

U vind my nou beledigend?

Wel, dit is 'n pynlike proses om iemand teen sy sin te ontklee — maar die maskers moet af!

'n Skrywer (J. H. Bavinck) sien die wêreldgeskiedenis en wêreldeinde as die groot vermomming en daarna die ontugterende ontmaskering.

Ons wil u die kleed aanbied om die naaktheid te bedek. Die geloof in Jesus Christus bring die fynlinne — deursigtig en mooi. Dan word u 'n bruid met sierade getooi — en u skaamte is bedek voor sy oog wat alles sien.

**Is die geloof nie ook maar 'n nuwe masker nie?**

Nee — dit is 'n bril waarmee jy skerp en goed en ver kan sien.
Dit is 'n warm bokleed teen die koue winde wat oor ons aarde waai.
Dit is 'n sagte onderkleed wat al die wonde teer oordek.
Dit gee die oorkleding met al God se weldade.
Die enige ware vorm van gelowige te wees bestaan in 'n lewende ongestoorde gemeenskap met Jesus Christus.
Dit is nie agter Jesus aangaan of voor Jesus uitgaan of langs Jesus saamgaan nie.

**Dit is om in Jesus te wees.**

Soos 'n kind in die skoot van die moeder in lewenseenheid met die moeder leef en groei, so is ons geestelike lewe alleen moontlik deur die intieme kontak met Jesus waardeur die Gees die gestalte van Christus in ons laat opstaan.

# *DIE MISLUKTE CHRISTENDOM?*

*In die vorige nommer het ons die vraag gestel: Is die Christendom 'n mislukking?*

Hier is die antwoord...

Die *rekensom,* werk min of meer só uit:

| | |
|---|---|
| Christene in Afrika: | 17% |
| Christene in Asië: | 13% |
| Christene in Rusland: (Ortodoks uitgesluit) | 5% |
| Christene in China: | 0.9% |
| Christene in Europa: | 82% |
| Christene in die Amerikas: | 76% |

By hierdie syfers word dié aantekening gemaak dat daar miljoene sogenaamde Christene in die wêreld is, bloot uit *tradisie.* Hulle het feitlik geen band meer met die kerk nie, en hulle dade bewys dat hulle die krag van hulle belydenis verloën het.

Die *nie-Christelike godsdiens* daarenteen, belewe 'n merkwaardige *opbloei,* veral die Islam en Boeddhisme. In Duitsland byvoorbeeld, is daar al 10,000 Boeddhiste. Enige mens wat iets van rekenkunde af weet, sal dié stelling maak: *Die Christendom is bankrot!* Die fout is egter dat *rekenkundige syfers hier nie pas nie,* want God se gedagtes is nie dié van 'u elektroniese rekenmasjien nie. *Die Here tel nie net nie, maar Hy weeg ook.*

Eers moet ons 'n paar dinge toegee, want ons wil baie eerlik met u wees — inderdaad is daar *vele Christene wat misluk* omdat hulle die stelsel van die Christendom met die hoof aanvaar, maar nog nooit by die Christus van die Christendom uitgekom het nie. Hulle name is in die boeke van die kerk, maar nie in die boeke van God nie.

Dat die *kerk* ook die *opdragte van die Here links* laat lê, is jammerlik genoeg, ook waar. Die kerkgeskiedenis plaas die kerk van die eeue dikwels in die beskuldigdebank en daar kan 'n magdom grillige stories versamel word van Christene wat eerder afstoot as aantrek. *Ons wil dus met skaamte erken dat die Christen ook sy bydrae gelewer het om die Christendom te verneder.* Ons wil nie al die skuld op magte buite ons laai nie, maar verantwoordelikheid aanvaar in dié wete dat die dag van die rekenskap gewis sal kom.

Aan die anderkant moet ons weet dat dié rekensomme klop met God se rekenkunde. Dit is opvallend dat die Here deur Sy Woord en Gees die *skeiding in die geskiedenis bring* en dat Hy telkens die *klein getal vir Hom oorhou.*

Die mensemassa is met die sondvloed verdelg — God het agt mense gehou.

Groot getalle is in die woestyn neergeslaan — in die minderhede is die welgevalle. Teenoor die ontrou onder koning Agab het 7000 getroues oorgebly.

Die skare het Jesus verlaat, en die enkelinge was aanvanklik sy volgelinge.

Paulus se triomftog deur Europa en Klein Asië het duisende gebring en ook duisende verbygegaan.

Hoe dikwels word daar nie in die Bybel gepraat van die *klein kuddetjie* nie — die *oorblyfsel* — die *voortvlugtende kerk* van die Here.

Christus het self vir ons gesê dat daar *baie geroep is en min uitverkies is;* dat daar twee op een bed is, die een word aangeneem en die ander word verlaat.

Die profetiese vergesigte oor die eindtyd praat ook van die *groeikrag van die anti-christelike magte* en die *uitgedunde kerk* wat gedwing sal word om ondergronds te gaan.

Ons skuil nie agter hierdie feite nie, maar ons vind troos in hierdie feite. Ons gaan uit om die massas te roep, maar ons skaam ons nie as die getalle gering bly nie. Ons wil dat u *een ding goed verstaan:* Christus staan nie aan die verloorkant nie. Hy is nie die verleë kandidaat wat hopeloos misluk om die stemme op Hom te verenig nie. Ons gesprekke met u is ook geen werwingsveldtog ter wille van getal-sterkte nie.

Ons roep u maar net — ons roep hard en dringend!

Wie weet — miskien is u ook een van die klein getal wat die Here wil afsonder om daaruit die nuwe mensheid te bou. *U antwoord sal dié geheim oplos: Of u daarby hoort of nie.* Intussen het Johannes darem *iets groots gesien . . .*

"Toe staar ek deur die wêreldnagte lighoogtes het my oog geboei en 'k sien uit alle mensgeslagte 'n skaar ontelbaar saamgevloei Hul staan uit alle volke en lande nou voor die Lam en voor Gods troon, die vredespalmtak in die hande, hul wit gewaad in eenvoud skoon."

(Redakteur: W. J. de Klerk)

# *SWART OP WIT*

Die mooi foto van die perd by die wilgerboom het onlangs in 'n jeugtydskrif verskyn. Dit is geneem deur Fotokuns, Potchefstroom. Die volgende byskrif het daaronder gestaan: "Dit is nie altyd noodsaaklik dat die voorwerp op 'n mooi foto mooi in besonderhede geteken is nie. Die perd is amper 'n silhoeët, en hierdie effek is bereik deur die lensopening en tydsinstelling te rig op die omgewing sodat die perd en die boom eintlik onderbelig is". 'n Bietjie tegnies, sou ek sê, vir mense wat nie goeie kennis van 'n moderne kamera het nie. Trouens, hoeveel mense weet nou juis wat met die lensopening en die tydsinstelling van 'n kamera bedoel word? Hoe dit ookal sy, die mooi effek van die foto is verkry deur middel van onderbeligting. Dit wil sê, die kamera se lens was so klein gestel en die klappie het so vinnig toegeval dat daar weinig lig op die film kon straal. En, siedaar, 'n pragfoto, die rustige, landelike toneeltjie vir goed vasgelê in swart op wit.

En dis nou genoeg oor die tegniek van 'n silhoeët-foto. Nog net dit. As 'n mens 'n foto neem, en hy slaag, soos hierdie een, voel jy sommer baie gelukkig. En as hy misluk, nouja, dan troos jy jouself daarmee, dat dit tog maar net 'n foto is. 'n Mislukte foto is nog nie die einde van die wêreld nie. Daar is belangriker dinge as fotos. Byvoorbeeld, die wyse waarop ek my gesondheid oppas. die vraag of ek met my salaris sal uitkom, die vraag of die blanke in Afrika sal bly, die vraag of daar 'n oplossing vir die Berlynse krisis sal kom, die vraag waar ek die ewigheid sal deurbring.

Die fotokuns is 'n pragtige stokperdjie. Die lewenskuns is egter veel, veel belangriker.

Snaaks genoeg, by albei is dit 'n kwessie van beligting.

Is daar nie duisende mense met 'n onderbeligte lewensbeeld nie? Mense wat die hele lewe net in swart sien nie? Mense wat binnekant een en al duisternis is nie? Mense in wie se bestaan daar skaars 'n gleufie lig val nie? Is u miskien so iemand? Hoe lyk die toekoms vir u? U persoonlike toekoms. Die toekoms van u huisgesin. Die toekoms van die blanke in Afrika. Die toekoms van die wêreld met sy bedreiginge van 'n kernbom-vuurpyloorlog. Lyk dit alles vir u pikswart? Dan wil ons graag vir u goeie nuus gee. Ons wil so begin: 'n bietjie onderbeligting in die fotografie mag 'n mooi effek tot gevolg hê. Te veel daarvan lei tot wat ons gewoonlik 'n *blank* noem. 'n Pikswart portret. En so is dit met geestelike onderbeligting. Dan lyk die hele lewe soos een donker nag.

Natuurlik het alle mense maar hul swart dae. Maar sommige van ons is kroniese donkerkykers. In die ergste gevalle lei dit tot selfmoord. Daarom het die mediese wetenskap nou 'n soort tablet wat jou vrolik maak. Dis egter gevaarlik om te veel daarvan te drink — dan verloor jy jou verantwoordelikheidsbesef. en dan vang jy die sotste dinge aan. Daar is glo

ook 'n soort kop-operasie waardeur sekere senuwees afgesny word wat dieselfde effek het. Hoe goed hierdie middele ook mag' wees, hulle bly slegs hulpmiddele wat die simptome van die siekte probeer keer en nie die wortel van die kwaal raak nie. Weet u wat is die wortel van die geestelike onderbeligting? Die kroniese pessimisme? Die versteende swartgalligheid?

Ons sal dit vir u sê. Sulke mense mis God in hulle lewe. "God is lig. en geen duisternis is in Hom nie. As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen die waarheid nie" (1 Joh. 1:6).

So skryf die apostel Johannes. En die digter van Psalm 119 sê: ..U woord is 'n lamp vir my voet en "n lig op my pad" (vs. 10). En van Jesus Christus getuig die grysaard Simeon dat Hy ig ..'n Lig tot verligting van die nasies'" (Luk. 2:32). En Jesus sê dat diegene wat in Hom glo, self die ..lig van die wêreld" is. Maar terselfdertyd waarsku Hy teen die geestelike onderbeligting wat in wese niks anders as ongeloof of kleingeloof is nie: ..Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, sal jou hele liggaam verlig wees. Maar as jou oog verkeerd is, sal jou hele liggaam donker wees. As die lig in jou dan donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie'/'" (Matth. 6:22, 23). Is dit nie dalk ons probleem nie?

Geestelike onderbeligting!

Bid dan saam met die Psalmdigter in die geloof dat God om Jesus wil (wat drie uur aan die kruis in donkerheid gehang het, sodat ons ewig lig mag geniet) sal hoor:

> O Heer, my God, sien my tog aan,
> wil my ellende gadeslaan;
> veilig die donker van my oë,
> en wil tog nimmermeer gedoë
> dat ek in doodslaap ondergaan.

Psalm 13:3

P. W. Buys.

# IS DIT *SWAAR* OM 'N CHRISTEN TE WEES?

Nee.

Dis heerlik.

Wat wel swaar is, is om te maak of jy 'n Christen is. Dit word naderhand 'n ondraaglike las. Dis soos 'n vrou wat haar grys hare swart geverf het. Nou moet sy voortdurend op haar hoede wees dat die nuwe groeisel nie onder die geverfde hare uitsteek nie. Haar moeilikheid kom egter wanneer sy hospitaal toe moet gaan waar daar nie kleurmiddele voorhande is nie. Na 'n paar weke weet al haar vriendinne dat die mooi bos swart hare waarmee sy so gespog het, bluf was. Dan lyk sy miserabel en sy weet dit. Dis swaar. Om dieselfde rede is dit swaar om die valse skyn te handhaaf dat jy 'n Christen is. Eendag voor God se regterstoel sal so 'n mens ook miserabel lyk en voel.

Of dit swaar is om 'n Christen te wees?

Jy kan ewegoed aan 'n vis vra of dit swaar is om altyd in die water te wees. Wat wel swaar is, is wanneer 'n vis op die droë grond sou probeer lewe. So is dit swaar as 'n Christen nie 'n Christen wil wees nie. Uit skaamte, mensevrees of om watter rede ookal.

Die Duitse wysgeer Nietzsche het gesê: ek weier om 'n Christen te wees, omdat die Christene so weinig verlos daar uitsien. Vraag is: het Nietzsche ooit ware Christene geken, of het hy hom blindgestaar teen hierdie skynmense van wie ons flus gepraat het? Ongelukkig is daar vandag nog baie mense wat dink dat 'n Christen so 'n ou suurpruim moet wees, dat hy eerder sy katjie se stertjie sal afsny as om toe te laat dat hy daarmee speel.

'n Christen is 'n vrolike mens. Nie losbandig, uitspattig, verspot nie. Maar met 'n onverwoesbare sielsblyheid wat van binne uitstraal soos mooi, getemperde lig. Toe Paulus en Silas in die gevangenis in Filippi gesit het — hul liggame rooi-bebloed en halfnakend soos hul klere die vorige dag van hul afgeskeur en hul met stokke geslaan is — het hulle om middernag *lofliedere gesing* (Handelinge 16:25).

Iemand wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog krygsgevangene in 'n kamp in Japan was, vertel hoe die manne aanvanklik, toe alles nog goed gegaan het, allerlei vrolike liedjies gesing het. Maar toe kom die honger en die disentrie. In plaas van liedere het 'n mens toe van agter die meeste bamboesmure vloeke, sugte en jammerkrete gehoor. Hy skryf: "Ek sal nooit die Nuwejaarsmôre van 1945 vergeet nie. Toe was die nood op die hoogste. Die ellende was afgryslik. Die mense het letterlik met die dood in hulle skoene rondgeloop. Kyk, toe staan daar 'n duisend tot op die geraamte verhongerde mense op die veld, en hulle sing:

> Beswyk dan ooit in bitter smart
> of bange nood my vlees en hart,
> dan sal U wees vir my gemoed
> my Rots, my Deel, my eewge goed" .

Hieruit blyk: *dis swaar om nie 'n Christen te wees nie.* Dis swaar om mens te wees. Veral soms wanneer die onheil orkane van wanhoop oor die mensemassas opswiep. Dan is om 'n

Christen te wees die enigste wat die lewe draaglik en selfs vrolik maak.

Christene sing lofliedere op 'n begrafnis. Hoekom?

Omdat Jesus gesê het: ..Kom na My toe. almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee" (Matth. 11:28).

En Paulus: ..Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee" (Fil. 4 : 13).

Daarom: ..Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal verbly julle" "(Fil. 4 : 4).

Soek u hierdie onverwoesbare lewensblydskap?

U sal dit in Jesus Christus vind. Hy sê ook aan u: Kom na My toe . . .

P.W.B.